

Mondstuk van die canolawerkgroep




Des 2025 No. 125

KULTIVARKEUSE EN OPSIES VIR 2026

PJA Lombard, L Smorenburg en J Strauss

Direktoraat Plantwetenskappe, Wes-Kaap Department van Landbou

Die 2025-seisoen het duidelik gewys watter groot invloed plantdatum en klimaatstoestande op produksie in die Swartland kan hê. Dit staan in skille kontras met die voorafgaande jare waarin die seisoen laat begin het. In die Suid-Kaap was die aanvang gunstig, maar die seisoen is gekenmerk deur lae reënval en 'n droë, warm lente. Sulke klimaatuiterses is byna onmoontlik om vooraf te voorspel.



Figuur 1: Faktore wat help met die maak van 'n kultivar keuse

Nietemin bly die gebruik van goed aangepaste kultivars 'n kernfaktor vir volhoubare sukses. Die keuse van 'n kultivar berus altyd op 'n kombinasie van eienskappe, geen enkele faktor behoort die besluit uitsluitlik te bepaal nie. Selfs al kan sekere faktore swaarder weeg onder spesifieke omstandighede, moet die ander faktore steeds in berekening gebring word (Figuur 1).

Opbrengspotensiaal is baie belangrik, maar dit is nie die enigste oorweging nie, veral binne 'n volhoubare wisselboustelsel (sien Tabel 1 en 2).

Onkruidbestuur en die risiko van onkruidweerstand noodsaak dat TT-tipe kultivars (TC- en CT-tipes) toenemend oorweeg word in sekere stelsels en lande.

Belangrik: Indien sulfenielurea in die vorige seisoen gebruik is, bestaan daar 'n risiko dat reste ná 'n droë somer in die grond kan oorbly. In sulke gevalle is dit raadsaam om 'n CI-kultivar te plant.

Kombinasietipe kultivars wat oor beide CI- en TT-toleransie beskik (CT, TC of TTI volgens die maatskappye) se opbrengs moet met dié van TT-kultivars vergelyk word. TT-kultivars lewer oor die algemeen laer opbrengste as konvensionele- en CI-kultivars.

Fisiologiese ontwikkelingstempo

Die beginsel van “horses for courses” geld hier. Kultivars met 'n langer groeiperiode presteer beter in gebiede wat langer koel en nat bly. Tabel 1 en 2 gee 'n oorsig van kultivars se groeiperiodes. Vinniger ontwikkelende kultivars word verkies waar die seisoen kort is, soos in die Swartland. Die werklike blomdatums word in Tabel 5 opgesom.

Swartstamweerstand

Swartstam kan groot opbrengsverliese veroorsaak indien dit swak bestuur word. Wissel kultivars elke twee seisoene af en probeer om ook weerstandsgene te roteer om druk op die patogeenpopulasie te beperk (Tabel 1).

Sclerotinia

Sclerotinia kom wydverspreid voor in die Wes-Kaap, veral in die Overberg/Suid-Kaap. Siekte-voorkoms wissel sterk tussen jare en areas. Kultivars wat vroeg blom, kan meer blootgestel wees aan hoër siektedruk.

Beskikbaarheid van saad

Geen besluit is uitvoerbaar sonder saadbeskikbaarheid nie. Die risiko's verbonde aan plaassaad, of teruggehoude saad, is hoog, met opbrengsverlaging van 10-13% waar teruggehoude saad gebruik is.

'n Opsomming van kultivareienskappe word in Tabel 1 weergegee, terwyl die periode tot blom in Tabel 2 en 5 aangedui word. Inligting oor Swartstamweerstandsgene en -indekse is afkomstig uit Australië en dien slegs as riglyn, aangesien plaaslike omstandighede verskil.

Vergelyking van kultivars: meerjarige opbrengsresultate

Swartland

In die Swartland het die konvensionele kultivar CC90014 oor die afgelope twee seisoene die beste gevaar, met 'n opbrengs 6% hoër as die proefgemiddelde (Tabel 3). Die kultivars Diamond en Quartz het beide in 2024 en 2025 gemiddeld 4% beter gevaar as die proefgemiddelde.

Sewe CI-kultivars is in 2024 en 2025 getoets. 44Y94 het die hoogste opbrengs gelever (+9%), gevolg deur PY421 CI (+8%) en Solstice CI (+8%).

Onder die TT-tipes was PY520 TC die beste presteerder (4% onder die proefgemiddelde), gevolg deur PY429 TT. HyTTec Trophy en HyTTec Trifecta was onderskeidelik derde en vierde.

Suid-Kaap

In die Suid-Kaap het CC90014 oor twee seisoene ook die beste gevaar (+6%). Diamond het 5% en Quartz meer as 4% beter as die proefgemiddelde presteer.

Onder die CI-kultivars het PY421 CI die beste gevaar, met 'n gemiddelde opbrengs 19% hoër as die proefgemiddelde. 44Y94 en 45Y95 het onderskeidelik 13% en 10% beter presteer.

By die TT-kultivars was PY429 TT gemiddeld die beste in die Suid-Kaap (3% laer as proefgemiddelde). HyTTec Trophy en PY520 TC is onderskeidelik tweede en derde geplaas, met opbrengste 6% en 7% laer as die proefgemiddelde.


Tabel 1: Opsomming van kultivar eienskappe: 2025

Kultivar	Tipe		1 ^{ste} jaar getoets	Groeiperiode dae tot blom Tygerh & Langg 2024 & 25	Dae tot einde van blom (Langg) 2024 & 25	Opbrengs Swartland. 2024-25	Opbrengs Rûens 2024-25	Aus. Swartstam Onbeh.	Salstro® ILeVo®	Upper. Canopy	Weer- stands -groep	Pitvastheid per Maatskappy
Diamond	Konv	Agricol	2015	Vroeg	Vr	104	105	w-mw ²⁵	w ^{2023(si)}	mw ²⁵	ABF	mw-w*
Quartz	Konv	Agricol	2018	Med. vroeg	Mv	104	104	mw ²⁵	-	mw ²⁵	ABD	mw-w*
44Y94	CI	Pioneer	2021	Medium	Mv	109	113	w-mw ²⁵	w ^{2024(s)}	mw ²⁵	BC	8 ^P
45Y95	CI	Pioneer	2022	Laat	L	103	110	w-mw ²⁵	w ^{2024(s)}	mw ²⁵	C	7 ^P
PY421C CI	CI	Pioneer	2023	Med. vroeg	Mv	108	119	w-mw ²⁵	w ^{2025(s)}	mw ²⁵	A	8 ^P
Solstice CI	CI	Advanta	2023	Med. vroeg	Vr-Mv	107	99	w ²⁵	w ^{2025(s)}	w ²⁵	ADFH	8 ^a
Ceres CI	CI	Agricol	2023	Vroeg	Vr	96	93	w-mw ²⁵	-	mw ²⁵	AD	V*
Equinox CI	CI	Advanta	2024	Med. vroeg	Mv ²⁰²³⁻²⁴	100	95	w ²³	-	-	ADF	8 ^a
Continuum CI	CI	Advanta	2024	Med. vroeg	Vr-Mv	103	101	w ²⁴	w ^{2024 (s)}	w ²⁴	ADF	-
Alpha TT	TT	Agricol	2017	Med. Vroeg ²³⁻²⁴	Mv ²³⁻²⁴			mv-mw ¹⁸	w ^{2018(j)}	-	BF	-
Blazer TT	TT	Advanta	2021	Med. vroeg	Mv	92	92	w-mw ²⁵	w ^{2025(s)}	mw ²⁵	ADF	8 ^a
HyTTec Trophy	TT	Agricol	2022	Med. vroeg	Mv	93	94	w ²⁵	w ^{2025(si)}	mw ²⁵	AD	V*
HyTTec Trifecta	TT	Agricol	2022	Medium	M	93	92	w ²⁵	w ^{2024(s)}	mw ²⁵	ABD	V*
PY429C TT	TT	Pioneer	2024	Medium	Mv	95	97	w ²⁵	w ^{2025(s)}	w ²⁵	ABH	7 ^P
HyTTec Velocity	TT	Agricol	Elite ^{23, 24}	Vroeg ²⁰²³⁻²⁴	Vr ²⁰²³⁻²⁴			mw ²⁵	-	mw ²⁵	AB	mv-v*
PY432 T	TT	Pioneer	2025	Medium ²⁰²⁵	L ²⁰²⁵	90 ²⁰²⁵	91 ²⁰²⁵	w-mw ²⁵			AB	7 ^P
Defender CT	CT	Advanta	2023	Med. vroeg	M	89	89	w ²⁵	w ^{2025 (s)}	mw ²⁵	ADF	-
PY520 TC	TC	Pioneer	2023	Medium	M	96	93	mw ²⁵	w ^{2025(s)}	mw ²⁵	BC	8 ^P
Griffon TTI	TTI	Agricol	2025	Med. Vroeg ²⁰²⁵	Mv ²⁰²⁵	96 ²⁵		w-mw ²⁵	-	mw ²⁵	AC	V*

Vr=vroeg, **Mv**= medium vroeg, **M**=medium, **L**=laat. Alle swartstam weerstand en eienskappe soos aangedui is afkomstig uit Australië, **w**=weerstand, **mw**=matige weerstand.

^P = Pioneer Aust. Inligting, * = Nuseed Aust. Inligting, ^a = Advanta Austr. Inligting: LW elke maatskappy gebruik hul eie skaal om te evalueer.

Tabel 2: Kultivars ingedeel volgens die speed van ontwikkeling (blomdatums volgens 2024 & 2025 data op Langgewens en Tygerhoek Navorsingsplase) Nota: Kombinasietipe kultivars, met beide CL- en TT-toleransie is onderstreep en **nuwe kultivars word in "bold" aangedui**.



Tabel 3: Swartlandopbrengste uitgedruk as persentasie van die proefgemiddeldes vir 2023 tot 2025

	2023	2024	2025	Plasing	2023-25	Plasing	2024-25	Plasing
Diamond	107	102	106	2	105	2	104	2
Quartz	103	105	103	3	104	3	104	3
CC90014	116	109	115	1	113	1	112	1
Konv. Gem.	109	105	108		107		107	
44Y94	108	108	110	1	109	2	109	1
45Y95	113	109	97	6	106	4	103	4
PY421C CI	115	110	107	3	111	1	108	2
Solstice CI	109	106	107	2	107	3	107	3
Ceres CI	107	99	93	7	100	5	96	7
Continuum CI		107	100	5			103	4
Equinox CI		99	102	4			100	6
CI Gem.	110	105	102		106		104	
Blazer TT	91	92	92	6	92	4	92	5
HyTTec Trophy	96	89	98	2	94	2	93	3
HyTTec Trifecta	97	91	95	5	94	3	93	4
PY429TT		88	102	1			95	2
PY432TT			90	8				
Defender CT	93	87	91	7	90	5	89	6
PY520 TC	97	95	96	3	96	1	96	1
Griffon TTI			96	4				
TT Gem.	94	92	95		94		93	

Tabel 4: Rûens opbrengste uitgedruk as persentasie van die proefgemiddeldes vir 2022 tot 2024

	2023	2024	2025	Plasing	2023-25	Plasing	2024-25	Plasing
Diamond	95	101	109.5	1	102	3	105	2
Quartz	113	105	104.0	3	107	1	104	3
CC90014	108	107	105.1	2	107	2	106	1
Konv. Gem.	105	104	106.2		105		105	
44Y94	117	114	111.9	2	114	3	113	2
45Y95	124	111	109.8	3	115	2	110	3
PY421C CI	110	112	125.5	1	116	1	119	1
Solstice CI	107	101	96.2	5	101	4	99	5
Ceres CI	96	92	94.1	7	94	5	93	7
Continuum CL		95	106.7	4			101	4
Equinox CL		95	95.6	6			95	6
CI Gem.	111	105	105.7		107		105	
Blazer TT	91	94	90.4	7	92	4	92	4
HyTTec Trophy	94	97	90.8	6	94	3	94	2
HyTTec Trifecta	101	92	91.8	4	95	2	92	5
PY429TT		91	102.9	1			97	1
PY432TT			91.0	5				
Defender CT	95	86	92.0	3	91	5	89	6
PY520 TC	101	96	90.0	8	96	1	93	3
Griffon TTI			92.6	2				
TT Gem.	95	93	92.7		94		93	

Gevolgtrekking

Die groeiseisoenlengte is baie belangrik in die Wes-Kaap met ons kort groeiseisoene. Die vorige twee seisoene was in baie areas later as normaal geoes. Sulke langer seisoene bevoordeel die langer groeiers. In 2025 was dit droog en bevoordeel dit gewoonlik vinniger kultivars. Gevolglik is die stabiliteit van opbrengs oor groeiseisoene en areas baie belangrik in die maak van 'n kultivarkeuse. Let daarop dat blomdatums deur plantdatum en seisoen beïnvloed word. Die kultivars handhaaf normaalweg hul posisie t.o.v. tyd tot blom wanneer met ander kultivars vergelyk word.

Tabel 5: Blomdatums van kultivars in 2024 en 2025

Kultivar	Dae tot blom			Dae tot einde van blom
	Langgewens	Tygerhoek	Gem.	Langgewens
45Y95	89	100	94	119
Diamond	70	73	72	105
Blazer	80	89	84	114
44Y94	84	95	89	113
Quartz	82	89	85	113
CC90014	82	91	87	112
HyTTec Trophy	82	88	85	113
HyTTec Trifecta	87	97	92	115
Defender	82	90	86	114
PY421C CI	82	87	84	114
PY520 TC	88	97	92	119
Solstice CI	83	87	85	110
Ceres CI	72	77	74	107
Equinox CI	82	87	84	113
PY429TT	86	97	91	113
Continuum CI	80	85	82	111
Griffon TTI	80*	86*		114*
PY432T	85*	88*		117*
* slegs 2025 data				



PROTEÏENAVORSINGSTIGTING
PROTEIN RESEARCH FOUNDATION

Redaksie: PJA Lombard, J Bruwer, Franco le Roux

Geborg deur die Proteïennavorsingstiging

Besoek die PNS se webblad by www.proteinresearch.net vir vorige uitgawes van nuusbriewe en pamflette.